# DIE SUID-AFRIKAANSE KRIMPVARK

**J.P. Watson**



*Die Suid-Afrikaanse krimpvark, Erinaceus frontalis.*

Die Suid-Afrikaanse krimpvark is met penne bedek en het 'n swart gesig met 'n wit band oor die voorkop. Die diertjie weeg ongeveer 400 g, is ± 20 cm lank en het vyf tone aan die agterpoot wat hom onderskei van sy naverwante in Wes-en Oos-Afrika en Zambië wat net vier tone aan die agterpoot het. Die Engelse benaming "Hedgehog" is afkomstig van Europa waar die talle heinings genoeg skuiling en voedsel bied vir dié diere om te floreer.

Geen permanente nes word gebruik nie, behalwe as die wyfie kleintjies het. 'n Nes sal dan gebruik word totdat die kleintjies kan loop en haar volg. Hulle is hoofsaaklik naglewend en slaap bedags onder droë plantmateriaal of in hol termiethope, waar hulle in 'n bondeltjie oprol. In die koue wintermaande kan hulle tot 6 weke onaktief lê en rus waartydens hulle op vet teer wat gedurende die somer in 'n lagie net onder die vel gestoor word. Tydens die winter verminder hul massa met 60 g of meer.

Verdediging teen vyande is hoofsaaklik die pennetjies wat op die sykante en bo-op die liggaam voorkom. Hulle rol in 'n bondel op en beskerm sodoende die sagte pensgedeeltes, bene en gesig wat nie met penne maar met hare bedek is. Die Reuse Ooruil het egter lang naels en horingagtige voetsole en kan hierdie diere vang en ongedeerd daarvan afkom. By dié roofvoëls se eetplekke is daar dan ook gewoonlik heelwat van die krimpvarkvelletjies te sien.

Die ontmoeting van twee krimpvarkies gaan gepaard met 'n gestamp van koppe, gesnork, gegrom en 'n gesnuif. Hulle alarmroep is 'n skril skreegeluid.

Krimpvarkies kom, met die uitsondering van woestyne en woude, wydverspreid in Suidelike-Afrika voor. In sommige stede, bv. Pretoria, is hulle redelik algemeen aangesien gevestigde tuine genoeg skuiling en voedsel voorsien soos insekte, slakke, duisendpote, erdwurms, ens. Klein soogdiertjies, eiers en ook swamme word soms gevreet.

Die wyfies is ongeveer 35 dae dragtig, waarna 2 tot 4 en soms tot 9 kleintjies gedurende die somermaande gebore word. Hulle weeg 9-11 g en die pennetjies is as swart kolletjies sigbaar. Hulle oë gaan na 14 dae oop en die penne wissel na ongeveer 6 weke. Die wyfie het drie paar tepels waarvan twee paar op die bors en een paar op die maag geleë is.

Hierdie diere word daagliks minder as gevolg van die vernietiging van hul habitat en omdat hulle deur toordokters en sogenaamde "troeteldier-liefhebbers" gevang word. Hulle bewaringstatus wek dus kommer, soveel so dat hulle op die rooilys vir klein soogdiere geplaas is en volgens Natuurbewaring-ordonnansies as beskermende wild beskou word.